SA Media - The University of the Free State
Source: BEELD
Topic: 25
1
Date: 15-Jul-2005
Ref No: 3671
ID: 03236711-01
Source Page: 6


# Skoolhou in Brittanje ontnugter SA onderwysers, wys studie

Liela Magnus

Swak dissipline en die hoë lewenskoste in Brittanje dryf ontnugterde Suid-Afrikaanse onderwysers terug huis toe – maar nie terug in die arms van die onderwysstelsel nie.

Die navorsing van dr. Rian de Villiers van die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria toon dat die negatiewe ervaring van die onderwysers wat in Brittanje skoolgehou het, veroorsaak dat hulle by hul terugkeer nie meer in die onderwys belang stel nie.

Hy het gister sy navorsing aangebied op die 50ste byeenkoms van die internasionale raad vir onderwys en opleiding in Pretoria. Volgens hom is daar meer as 5 000 Suid-Afrikaanse onderwysers op enige tydstip in Brittanje.

De Villiers het gesê die meeste onderwysers gaan werk oorsee omdat hulle 'n groter salaris belowe word, hulle internasionale ondervinding wil opdoen of 'n avontuur wil beleef. 'n Onderwyser in Engeland kan in een week verdien wat 'n junior onderwyser in Suid-Afrika vir 'n hele maand betaal word.

Volgens De Villiers word Suid-Afrikaanse onderwysers egter nie voorberei op die uitdagings van 'n ander land se onderwysstelsel nie.

Hy het gesê baie onderwysers gaan Brittanje toe sonder om die nodige voorbereiding te doen en is dikwels ontnugter wanneer hulle besef hoe hoog die lewenskoste is.

Dít, gekoppel aan die swak dissipline in die Britse skole, dryf hulle uit die onderwysstelsel.

Hy het voorgestel dat skole in Brittanje en werwingsagentskappe in Suid-Afrika op bekendstellingskursusse meer inligting aan onderwysers gee oor onder meer die toestande van skole, die dissiplinêre beleid en die kurrikulum.

Sommige Suid-Afrikaanse onderwysers kom van dié probleme te bowe en geniet die tyd wat hulle in Brittanje deurbring.

Sowat 25% van studente wat in die Wes-Kaap studeer, gaan ná hul studie Brittanje toe om geld te verdien om hul studieskuld af te betaal. Die meeste van dié studente kom glo sonder klagtes terug.

De Villiers het voorgestel dat onderwysers eers 'n jaar praktiese ondervinding opdoen voordat hulle in 'n ander land gaan skoolhou.

Volgens hom sal hulle daarna moeilike situasies en kinders beter kan hanteer.

Hy het gesê Suid-Afrika kan nie aanhou om onderwysers aan ander lande af te staan nie; beter salarispakkette in Suid-Afrika sal onderwysers dalk hier hou.

■ lmagnus@beeld.com